



Vergenoeg Besoekersreëls

Tipe dokument:	Regulasie
Doeleind van die beleid:	Om reëls vir goegang tot die perseel van Vergenoeg neer te lê.
Goedgekeur deur:	US Raad
Goedkeuringsdatum:	1/1/2011
Implementeringsdatum:	2011/01/01
Datum van volgende Hersiening:	Soos nodig
Datum(s) van vorige Hersienings:	Geen
Beleideienaar¹:	Uitvoerende Bedryfshoof
Beleidkurator²:	Hoofdirekteur: Fasiliteitsbestuur
Sleutelwoorde:	Vergenoeg, Besoekers, Besoekerreëls
Geldende Weergawe:	Ingeval van geskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie beleid as die geldende weergawe aanvaar.

US Beleide is beskikbaar by www.sun.ac.za/policies

¹ Beleideienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikhedsentrum waarbinne die beleid funksioneer.

² Beleidkurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die implementering en instandhouding van die beleid.

VERGENOEGD-BESOEKERSREËLS

Reg van toegang word voorbehou. Die beampete aan diens óf inwonende oopsigter kan te eniger tyd en sonder om redes te verskaf enige persoon/groep wat die reëls oortree versoek om die terrein te verlaat. Dit sou ook tot die verbeuring van enige toegangsgeld lei.

- 1) Reëlings vir toegang tot die perseel moet ten minste 48 uur (twee dae) vooraf met die inwonende oopsigter, mnr. Jaco Botha, by kantoortelefoonnummer 021 808 2209 (08:00-16:30) of na-uurs by 084 407 0634 getref word. Toegang sal by gebrek aan die nodige reëlings geweier word.
- 2) **Geen voertuie sal binne die piekniek-/braaiarea toegelaat word nie, tensy dit so met die oopsigter gereël is.** Besoekersparkering word op die grasperk buite die "middelhek" wat na die twee woonhuise lei, voorsien.
- 3) Vure mag slegs in die piekniek-/braaiarea agter die oopsigter se huis gemaak word, en ook slegs in die geboude braaiplekke of ander strukture wat vir dié doel voorsien word. Vuurmaak op enige ander plek is streng verbode, en oortreders sal vir enige brandskade verantwoordelik gehou word. **Verseker asseblief dat vure behoorlik geblus is voordat die perseel verlaat word.**
- 4) **Besoekers is vir hulle eie vuurmaakhout verantwoordelik.** Geen hout of takke mag vir hierdie doeleinde van enige bome of plantegroei op die perseel afgebreek word nie.
- 5) Elektriese krag, ligte en braairoosters word gratis voorsien.
- 6) Geen pieknieks of ander ontspanningsaktiwiteite sal in die gebied langs die rivier, vanaf die drif tot by die hekke van die BENGALE-plaas, toegelaat word nie.
- 7) Alle reëls soos op die kennisgewingborde aangedui, moet streng nagekom word.
- 8) Weens klages van rusverstoring vanaf naburige inwoners, is enige vorm van oormatige lawaai/harde musiek streng verbode. **Let asseblief ook daarop dat geen musiek oor motorradio's gespeel mag word nie.**
- 9) Die tuine en die swermdam voor die twee woonhuise is privaat eiendom, en dus nie vir besoekers se gebruik nie.
- 10) Kinders moet te alle tye onder streng toesig wees.
- 11) Ingevolge munisipale regulasies is swem in die rivier en drif verbode.
- 12) Weens munisipale waterbeperkings mag geen tuinslange aan krane op die perseel gekoppel word om waterglybane en opslaanswembaddens van water te voorsien nie.
- 13) Maak asseblief seker dat die kleedkamers en kombuis netjies en skoon agtergelaat word.
- 14) Daar sal van organiseerders verwag word om toe te sien dat lede van besoekersgroepes saam arriveer en vertrek.
- 15) Besoekers word vriendelik versoek om by die volgende besoektye, soos ook op die kennisgewingborde aangedui, te hou:

Maandae tot Donderdae	18:00-21:00
Vrydae	17:00-23:30
Saterdae	10:00-23:30
Sondae en openbare vakansiedae	10:00-21:00

Die Vergenoegd-ontspanningsterrein word op eie risiko gebruik. Die Universiteit Stellenbosch aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige beserings, ongevalle of skade aan enige individu of eiendom wat uit die gebruik van die ontspanningsterrein voortspruit nie.